

# Die duisendjaar – Francois Malan

Anna vra:

Vir baie gaan dit 'n dom vraag wees, maar ek kry dit net nie verstaan nie. Verduidelik asb vir my die eerste en die tweede opstanding, en wanner die 1000 jaar gaan wees wat satan vas gevind gaan wees. Baie dankie.

## Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Daar is verskillende verklarings vir die 1000jaar en die twee opstandings. Die probleem kom as jy dit letterlik verstaan, want Openbaring is 'n boek wat met gesigte en simbole werk, wat geestelik verstaan moet word. 1000 is bv. 'n volmaakte getal wat nie in ons terme letterlik as 1000 jaar opgeneem moet word nie.

Byvoorbeeld in Openb 7:4-8 word slegs 12,000 van elkeen van die 12 stamme van Israel as diensknegte van God met die seël gemerk. En dan in die volgende verse, Openbaring 7:9, word verwys na 'n baie groot skare wat niemand kon tel nie, afkomstig uit elke nasie en stam en volk en taal wat voor die Lam staan. Daaruit is dit duidelik dat die 12,000 en 144,000 simbole is, opgemaak deur  $3 \times 4 \times 1000$ ; 1000 wat die volle getal van gelowiges uit elke stam verteenwoordig;  $\times 4$  die getal van die windrigtings oos-wes-noord-suid, om die verspreiding van die volle getal wat oor die aarde verstrooi is, aan te dui;  $\times 3$  in hulle verbondsverhouding tot die Vader-Seun-Heilige Gees. Dit sluit alle gelowiges deur die eeue in, wat glo in Jesus Christus, die Seun van God as die Woord van God, en self ook God, wat vir hulle sonde gesterf het (vgl. Johannes 1:1-3;

3:16).

So is die 1000 jaar van Openbaring 20 ook 'n aanduiding van die volle tydperk tussen die eerste koms van Christus om aan die kruis te sterf vir die sonde van die wêreld (Johannes 1:29) en sy wederkoms om oor elke mens se lewe te oordeel. Elke persoon se lewe word beoordeel of dit wys dat so iemand deur geloof aan Christus verbind is of nie (vgl. Matteus 25:31-46).

Die 1000 jaar is dan 'n simbool vir die hele tyd tussen Jesus se eerste koms en sy wederkoms. Maar ons kan nie bereken wanneer die wederkoms sal wees nie. In Markus 13:32-33 sê Jesus dat niemand, selfs nie die Seun van die Mens, weet wanneer die wederkoms sal wees nie, net die Vader. 2 Petrus 3:8-9 sê: By die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die belofte uit, soos party mense dink nie. Inteendeel, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê sommige mense moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Dan moet ons die 1000 jaar wat Satan gebind is sien as die tyd waarin ons nou lewe, van Jesus se hemelvaart tot by sy wederkoms. In Matteus 28:18 het die opgestane Jesus gesê: Aan My is (deur my Vader) gegee, alle mag in die hemel en op aarde. Satan is gebind sodat hy nie kan optree teen die mense wat deur geloof aan Jesus verbind is. Satan beskou homself as die heerser oor die wêreld en hy verlei die mense van die wêreld om hom te volg op sy pad van geweld en bedrog (vgl. Joh 8:44: Jesus sê die duiwel was van die begin af 'n mensemoordenaar en hy staan nie by die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan; vgl. ook 2 Tessalonisense 2:9-12). Maar die mens wat aan die Almagtige Here toegewy is, word deur die Here bevry en beskerm.

Jesus het gesê (Joh 14:23) As iemand My liefhet, sal hy ter

harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. As die Almagtige God by jou woon, is Satan gebind om jou nie te benadeel nie.

Die eerste opstanding is dan wanneer jy deur die genade van God aan Jesus se opstanding uit die dood verbind word. So word jy kind van God omdat jy verbind is aan die Seun van God. Jy kan reeds van kleins af God se kind wees as jy 'n kind van gelowige ouers is, met wie die Here sy genadeverbond gemaak het, en met hulle kinders. As jy groot geword het sonder geloof in Jesus, kan jy deur bekering om in Jesus te glo, God se kind word. Bekering beteken dat jy in Jesus glo as die God wat vir al jou sonde aan die kruis gesterf het en opgestaan het as oorwinnaar oor die sonde en die dood. Dan kan jy onder die leiding van die Heilige Gees en met sy inwoning in jou, regeer oor die magte van die duisternis en sonde.

Die tweede opstanding begin al met jou sterwe, wanneer jy na die Here toe gaan (Filippense 1:23), en word voltooi met die wederkoms van Christus op die algemene opstanding van die liggame van die gestorwenes om voor sy regterstoel te verskyn (vgl. Openbaring 20:11-15; 1 Kor 15:20-27; Matt 25:31-46). Openbaring 19:6 sê: Geseënd en heilig is elkeen wat in die eerste opstanding deel – dit is die mense wat in Jesus Christus se dood vir hulle sonde en sy opstanding om saam met Hom in liefde vir God te lewe. Oor hulle het die tweede dood nie mag nie. Hulle sal priesters van God en van Christus wees en saam met Hom 'n duisend jaar lank regeer – vir die hele tyd van Jesus se eerste koms tot by sy wederkoms, in hierdie lewe en wanneer hulle sterf reeds by die Here.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)

---

# Gelowiges het opgestaan

## Gelowiges het opgestaan – Francois Malan

Danie vra:

Na aanleiding van Mat. 27: 51 – 53. Hoe moet ons dit verstaan? Jesus het die dood oorwin en het uit die graf opgestaan. Hier word egter gepraat van die grafte wat oopgegaan het en “gelowiges” het uit die grafte gekom. Was Jesus nie die eerste wat uit die graf opgestaan het nie? Ja, tog sê die teks verder dat ná Jesus se opstanding het hierdie mense gaan getuig.

### Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Die 1983-vertaling se plasing van ‘n punt in die middel van vers 53 na uitgegaan, en begin met ‘n nuwe sin ‘Ná Jesus se opstanding,’ kan die indruk wek dat die gelowiges eerste opgestaan het, en na Jesus se opstanding in die stad ingegaan het. Daarby word die oorspronklike uitroep aan die begin van vs 51: ‘En kyk’ vertaal as ‘Op daardie oomblik’ – ‘n tydsaanduiding wat nie in die oorspronklike staan nie.

Die 2014-vertaling, wat probeer om nader aan die oorspronklike taal te bly, vertaal soos volg:

51 En waarlik die voorhangsel van die heiligdom is van bo na onder in twee geskeur, die aarde is geskud en die rotse is oopgebreek. 52 Die grafte is geopen en baie liggame van die ontslape heiliges is opgewek. 53 Hulle het ná sy opstanding uit die grafte gekom, in die Heilige Stad ingegaan en aan baie verskyn – dié vertaling plaas die opstanding van die gelowiges ná Jesus se opstanding.

‘n Letterlike vertaling van die Griekse woorde se volgorde is soos volg:

51 En kyk! die gordyn van die tempel is geskeur van bo tot onder in twee en die aarde is geskud en die rotse is geskeur, 52 en die grafte is geopen en baie liggame van die ontslape heiliges is opgewek, 53 en uitgegaande uit die grafte ná die opwekking van Hom het hulle ingegaan in die heilige stad en hulle het verskyn

aan baie.

Die verlede tyd deelwoord 'uitgegaande' wat direk voor 'na sy opstanding' staan, pas beter by die selfstandige werkwoord 'het hulle ingegaan' – daarvolgens kon hulle saam met Jesus opgestaan het, of ná Jesus se opstanding uit die grafte gegaan en in die stad ingegaan het.

Matteus vra die aandag ('en kyk!') vir 'n aantal wonderlike dinge wat gebeur het tydens Jesus se sterwe en opstanding as tekens. Die enigste tydsaanduiding is 'ná sy opstanding.'

- (i) die gordyn wat van bo af skeur, is deur God geopen as toegang tot God vir almal, waar slegs die hoëpriester vroeër kon ingaan as bemiddelaar van die volk. Markus 15:38 plaas dit net na Jesus die laaste asem uitgeblaas het en voor die belydenis van die soldaat. Lukas 23:45 plaas dit tydens die drie uur duisternis (wat ook in Mt en Mk voorkom).
- (ii) Aardbewing en rotse wat skeur is die eerste van baie wat deur Jesus voorspel is in Mt 24:8 as die begin van die nuwe tyd (en nie in die ander Evangelies voorkom nie). Volgens Mt 27:54 sien die soldate die skudding 'en die dinge wat gebeur,' wat nie noodwendig die opstanding van die gelowiges insluit nie. Die skudding en 'die dinge wat gebeur' kom nie in Mk en Lk voor nie.
- (iii) Of die grafte oopgegaan het tydens die aardbewing, of toe Jesus opgestaan het, kan nie met sekerheid uit die teks afgelei word nie.
- (iv) Dié wat opgewek is, volg die opwekkings uit die dood van byvoorbeeld die twaalfjarige dogtertjie van Jairo in Markus 5:42 en Luk 8:54; die jongman van Nain in Luk 7:14-15; en Jesus se vriend Lasarus in Johannes 11:43-44. Hulle is lewende getuies van Jesus soos Hy aan Martha in Johannes 11:25 sê 'Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf. Daarna het Hy Lasarus uit die dood opgewek. Jesus was dus nie die eerste persoon wat uit die doop opgewek was nie.

Reeds in die Ou Testament word vertel van opwekkings van dooies deur die Here op die gebed van sy dienaars: bv. die seuntjie van die weduwee van Sarfat in 1 Konings 17:22; en die seuntjie van die Sunemitiese vrou in 2 Kon 4:33-37. En na Jesus se opstanding, vgl. Dorkas/Tabita in Hand 9:40; en Eutiges in Hand. 20:10.

Na sy opstanding het Jesus aan sy dissipels en volgelinge verskyn, maar nie aan die ongelowiges nie. Maar die gelowiges wat ná sy opstanding in die stad Jerusalem aan baie verskyn het, was die lewende getuies van sy opstanding uit die dood, soos Lasarus se opwekking 'n getuienis was, wat mense tot geloof in Jesus oortuig het (Johannes 11:45; 12:9).

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)

---

# Jesus se verskynings na sy dood (1)

*The desire for even a good thing becomes a bad thing when that desire becomes a ruling thing.* –Paul Tripp

## Jesus se verskynings na sy dood (1)

William Lane Craig William Lane Craig is Navorsingsprofessor in Filosofie aan die Talbot School of Theology. Ek gaan baie gebruik maak van sy boekie: *Did Jesus Rise from the dead.*

Het Jesus werklik aan mense na sy dood verskyn? Daar is drie groepe getuienisse in Paulus se lys van ooggetuies (1 Korintiërs 15:3 – 8)

- Petrus, die dissipels en die vyf honderd

Die evangelies vertel nie al die storie van Jesus se

ontmoetings nie. Ons weet dat drie jaar na sy bekering het Paulus ongeveer twee weke by Petrus in Jerusalem vertoef. Die tweede groep wat Paulus beskryf, was die twaalf – die oorspronklike groep gekies deur Jesus sonder Judas. Hierdie ontmoetings word in Lukas 24 en Johannes 20 beskryf. Van die verskyning aan die 500 weet ons min.

Dit is betekenisvol omdat dit 'n groot getal is, maar ons lees nêrens elders daarvan nie. Paulus moes persoonlike kennis van hulle gedra het, want hy sê dat party van hulle al dood is. Paulus sê dat die meeste nog lewe. Daarmee sê hy: “As julle my nie glo nie, daar is hulle. Vra hulleself.”

#### ▪ Jakobus en die ander apostels

Dat Jesus aan sy jonger broer Jakobus verskyn het, is verbasend, want nie een van sy broers het in Hom geglo nie. Hulle het nie geglo dat Hy die Messias of 'n profeet was nie. Dit is dus verbasend om te lees dat kort na sy opstanding sy broers saam met ander Christene in die bovertrek was (Handelinge 1:14). Ons lees eers weer van hulle nadat die engel vir Petrus uit die tronk bevry het (Handelinge 12:17). Petrus se eerste woorde na sy bevryding uit die tronk was: *Vertel dit vir Jakobus en die ander gelowiges*. Later skryf Paulus dat hy met Jakobus, Sefas en Johannes – *wat beskou is as die pilare van die gemeente* – in Jerusalem vergader het (Galasiërs 2:9). In Handelinge 21:18 is Jakobus die hoof van die gemeente in Jerusalem. Volgens Josefus is Jakobus tereggestel deur hom te stenig. Later het Jesus se ander broers ook geglo. Hoe verklaar ons dit? Jesus se kruisiging sou nie hierdie transformasie verklaar het nie. Maar tog was Jakobus bereid om vir sy geloof in Jesus te sterf. Is dit nie omdat Jesus na sy opstanding aan Jakobus verskyn het nie? Die volgende groep aan wie Jesus volgens Paulus verskyn het, was die ander apostels. Wie hulle presies was, weet ons nie. Miskien is dit meer as net die twaalf. Dat daar so 'n groep was, lees ons in Handelinge 1:21 – 22.

## ▪ Saulus van Tarsus

Dit is die laaste verskyning wat Paulus vermeld. In Handeling 9:1 – 9 lees ons dat Jesus aan Saulus op die pad na Damaskus verskyn het. Paulus verwys self hierna in sy briewe. Hierdie gebeurtenis het Paulus se hele lewe verander. Hy was 'n Fariseër, 'n geëerde Joodse leier. Hy het die Christelike dwaalleer gehaat; hy het alles in sy vermoë gedoen om dit uit te roei. Hy sê selfs dat hy verantwoordelik was vir die teregstelling van Christen gelowiges. Skielik los hy alles en word 'n Christen sendeling. Nou leef hy in armoede, swaarkry en lyding. Hy word geslaan, gelaat vir dood, hy leef voortdurend in gevaar. Uiteindelik sterf hy 'n marteldood vir sy geloof. Alles as gevolg van sy ontmoeting op die pad na Damaskus.

Paulus se getuienis sê vir ons dat verskeie individue en groepe by verskillende geleenthede Jesus na sy opstanding gesien het. Volgende keer kyk ons verder na Jesus se verskynings na sy dood.

---

# Verduidelik die getuienis

*“Above all the teaching of the Church, even above all dogma or doctrinal confession, stands Holy Scripture.”* – Emil Brunner

## Verduidelik die getuienis

William Lane Craig William Lane Craig is Navorsingsprofessor in Filosofie aan die Talbot School of Theology. Ek gaan baie gebruik maak van sy boekie: *Did Jesus Rise from the dead.*

Hoe verduidelik ons die leë graf, Jesus se verskynings na sy dood en die oorsprong van die dissipels se geloof in Jesus se



opstanding. Kan ons dit op ander maniere verduidelik?

- Die samesweringshipotese

Hiervolgend het die dissipels Jesus se lyk gesteel en toe vir die mense oor sy verskynings gejok. Hierdie verduideliking kry ons reeds in Matteus. As dit so was, hoekom het die dissipels 'n storie opgemaak oor vroue wat die leë graf ontdek het – vroue is mos nie betroubare getuies nie. Hoekom is daar geen getuienis van die opstanding self nie?

Wat van al die Ou Testamentiese profesieë wat vervul is? Maar ook Jesus se verskynings. Sou Hy nie met 'n verheerlikte liggaam verskyn het nie. Dit verduidelik nie die dissipels se geloof in Jesus Christus nie.

- Oënskynlike dood hipotese

Jesus was nie dood toe Hy van kruis afgehaal is nie, maar net bewusteloos. Hy herleef weer in die graf en op een of ander manier ontsnap Hy en oortuig sy dissipels dat Hy uit die dood opgestaan het. Jesus het op een of ander manier sy kruisiging oorleef. Hoe kan 'n man binne 'n verseëelde graf die groot klip voor die opening verwyder? Hoe verduidelik jy Jesus se verskynings, want 'n half dood man sou tog mediese sorg nodig gehad het. Dit is baie onwaarskynlik, want die Romeinse offisiere teenwoordig by die kruis sou beslis seker gemaak het dat hy dood was. Om seker te maak, het hulle 'n spies in sy sy ingedruk. Die omvang van sy marteling was van so 'n aard dat oorlewing onmoontlik was.

- Die misplaasde liggaam hipotese

Hiervolgens sou Josef van Arimatea Jesus se lyk net tydelik in die graf geplaas het omdat dit so laat was. Later sou hy dan die lyk na 'n algemene begraafplaas verskuif het – 'n begraafplaas gereserveer vir misdadigers. Hiervan was die dissipels nie bewus nie. Hierdie hipotese sê niks van Jesus se nadoodse verskynings en die oorsprong van die dissipels se

geloof nie. Hoekom sou Josef nie die dissipels ingelig het oor wat hy gedoen het nie? Hoekom het hy nie die dissipels se aanspraak dat Jesus uit die dood opgestaan het, weerlê nie? Die begraafplaas vir misdadigers was minder as 800m van waar Jesus gekruisig is. Hoekom het Josef nie sommer Jesus se lyk direk daarheen geneem nie? Nou ontreinig hy sy familiegraf met die lyk van 'n misdadiger.

- Die hallusinasie hipotese

Hiervolgens sou Jesus se nadoodse verskynings blote hallusinasies gewees het. Dit verduidelik nie die leë graf of die dissipels se geloof in Jesus se opstanding nie. Die diversiteit en omvang van Jesus se verskynings oortref enigiets wat ons in die sielkunde handboeke kry. Jesus het nie net een maal op een plek aan een persoon verskyn nie.

- Die opstandingshipotese

Kan hierdie hipotese die gebeure verklaar? Dit kan al drie fasette ter sprake verduidelik. Hierdie hipotese kan natuurlik net geloofwaardig wees as ons aanvaar dat God bestaan. Hierdie is die enigste hipotese wat staande bly as ons ons vooroordele teenoor wonderwerke laat vaar.

Drie feite – die leë graf, Jesus se verskynings aan mense na sy dood en die oorsprong van die Christelike geloof – wys almal na dieselfde gevolgtrekking: God het vir Jesus uit die dood opgewek.